®

BOSVELD SKIETOEFENING.

Inleiding.

Hierdie skietoefening het ten doel om die jag van groter bokke in ‘n Bosveldomgewing te simuleer. Die skietafstande wissel tussen 50m en 150m, en die teiken is ‘n Blouwildebees. Die tel-areas op die teiken is relatief groot, maar die skietposisies is redelik uitdagend. Die vereistes wat aan die geweer en teleskoop gestel word, is dus redelik laag, byvoorbeeld ‘n .303 met ‘n 4x vergroting teleskoop kan baie kompeterend gebruik word. Die vaardigheid van die skut gaan egter ‘n groter rol speel ten einde goeie punte te behaal.

‘n Bykomende doel van die oefening is om die speelveld in terme van toerusting vir die deelnemers meer gelyk te maak en om te sorg dat die lede van die SAJWV ook leer om hulle medium kaliber jaggewere op die skietbaan te kan gebruik. In die gees van die oefening word die kalibers beperk op 6.5mm (.264) en groter, en die minimum koeëlgewig word op 139gr gestel. Teleskope word op ‘n maksimum 10X vergroting beperk.

Reëls

1. Hierdie reëls vervang nie enige bestaande skietbaanveiligheidsreëls nie, maar moet aanvullend daartoe gebruik word.

2. Die teiken is ‘n Blouwildebees wat spesiaal vir die SAJWV ontwikkel is.

3. Die minimum kaliber vir die Blouwildebeesskiettabel is 6.5mm (.264). Die minimum koeëlgewig wat vir die oefening gebruik mag word, is 139gr (in enige van die toegelate kalibers).

4. Teleskope word beperk tot ‘n maksimum vergroting van 10x. Verstelbare teleskope met ‘n hoër maksimum vergroting as 10x, moet afgestel word na 10x of minder.

5. Geweerbande en nie-ondersteunende handskoene is toelaatbaar. Geweerbande wat op twee plekke aan die geweer geheg is, kan gebruik word. (Met ander woorde, die geweerband moet van só ‘n aard wees dat die geweer met veiligheid oor die skut se skouer gedra kan word.)

6. Aanbeveel dat van driepootskietstokke gebruik gemaak word. Skietstokke mag nie langer as 1,8m en dikker as 25mm wees nie. Daar mag hake aan skietstokke aangebring word en die skut mag dus hiervan gebruik maak tydens die oefening. Daar mag egter ten alle tye net van een haak gebruik gemaak word.

7. Die Blouwildebeesskiettabel bestaan uit drie oefeninge van drie skote elk. Die eerste oefening word vanaf 150m geskiet. (Selfs op treë skietbane moet dit 150m wees.) Die oefening word vanuit ‘n knielende of staande posisie met lang, of verstelbare skietstokke vir ondersteuning, geskiet. (Die kneel posisie beteken dat die skut se sitvlak nie die grond mag raak nie, en dat ten minste een knie op die grond moet wees) Die sittende posisie word nie toegelaat nie.

8. 90 Sekondes word toegelaat vir die oefening nadat al die skuts ingegrawe en gereed verklaar het. "**Gereed**" beteken ook vir al die oefeninge dat die gewere se magasyne gelaai is, maar dat die grendel nog oop is. Die grendel word eers toegemaak nadat die fluitjie geblaas het. Indien 'n skoot ná die tydsbeperking geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.
9. Die lang skietstokke kan enige ligte draagbare twee- of driepoot skietstokke wees. Daar word aanbeveel dat eerder van 'n driepootskietstok gebruik gemaak word want dit sal die omval en gepaardgaande veiligheidsrisiko uitskakel. 19mm tot 25mm "dowel" stokke van 1.8m lengte werk baie goed. 'n Toutjie kan tussen die pote gespan word vir stabiliteit, en kort spykers (maks 50mm) kan in die pote ingeslaan om te verseker dat dit nie gly nie. Verstelbare skietstokke is ook toelaatbaar. Vanaf 150m kan daar vanuit die knielende posisie bo-oor die verstelbare skietstokke geskiet word. Dieselfde stel stokke moet egter op 150m en 100m gebruik word, m.a.w. slegs een stel stokke is toelaatbaar vir die oefening. Hake aan skietstokke is ook toelaatbaar, mits dit die geweer net op een punt voor die aksie steun. Skietstokke mag nie dikker as 25mm en langer as 1.8m wees nie.

10. Die tweede oefening word vanaf 100m geskiet. Drie skote word vanuit die staande posisie met die lang skietstokke vir ondersteuning, geskiet.

11. 90 sekondes word ook vir die oefening toegelaat nadat alle skuts gereed verklaar het.

12. Die laaste oefening vind vanaf 50m plaas. Drie skote word uit die staande posisie sonder enige ondersteuning, geskiet. Geweerbande soos reeds beskryf, word toegelaat

13. Die tydsbeperking vir hierdie oefening is 30 sekondes nadat al die skuts "gereed" verklaar het. Indien 'n skoot ná die tydsbeperking geskiet word, verloor die skut die hoogste punt op die teiken.

14. Enige tipe toerusting, tegnieke of enige iets anders wat deur skuts gebruik word en wat volgens die Skietkomitee nie in die gees van die Bosveldskiettabel is nie, sal verbied word. Indien daar twyfel in die verband bestaan, moet dit vooraf met die skietkomitee uitgeklaar word.

15. Indien 'n skoot 'n lyn tussen twee aangrensende tel-areas op die teiken raak, kry die skut die voordeel van die hoër telling. Indien die lyn egter tussen 'n minus en nul geraak word, tel die minus want dan is die bok gekwes. Die lyn moet net geraak wees en hoef nie heeltemal gebreek te wees nie. Indien daar twyfel bestaan of die lyn wel geraak is, moet die baanoffisier 'n koeël van dieselfde kaliber deur die gat druk om te sien of die lyn wel geraak is.

16. In die geval waar daar te veel skote op 'n teiken is, moet die baanoffisier eers bepaal of daar skote kort op die omliggende teikens. Indien daar skote kort, moet daar eerstens probeer word om onderskeid volgens kaliber te tref. Indien dit nie moontlik is nie, word eerste die laagste telling afgetrek, daarna die hoogste en dan weer die laagste totdat al die oortollige skote verreken is. Indien die skut voel dat hy benadeel word, kan hy versoek om die tabel oor te skiet. Die persone wat op verkeerde teikens geskiet het, verbeur die skote.

17. Indien daar egter te veel skote op 'n teiken is, en niemand kort enige skote in die omgewing nie, en die kalibers kan nie onderskei word nie, dan word die hoogste tellings verminder totdat die korrekte aantal skote op die teiken oorbly.

18. Slegs die eerste poging van 'n skut mag gebruik word vir telling registrasie doeleindes.

19. Die slaagsyfer is 160 punte uit 270 (60%).

20. Kwalifiserende tellings vir balkies:

Brons balkie	160 – 189	(60% - 69%)
Silwer balkie	190 – 219	(70% - 80%)
Goue balkie	220 – 270	(81% - 100%)

Blouwildebees Teiken:



(werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm)

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Brein/skedel	140 x 100	112	79%
Hart	127 x 146	142	--
V-hart	76 x 87	51	36%
Sentrale hart/long	230 x 240	500	250%
Groter hart/long	300 x 340	960	570%

Nekwerwel: 60mm wyd